



TOM NEWBY SCHOOL
KWARTAAL 4 FORMELE ASSESSERING

Vak	AFRIKAANS FAL	Eksaminator	MEJ. A. SCHEEPERS
Datum	NOVEMBER 2024	Totale punte	50
Graad	6	Tydsduur	1 UUR 30 MIN
District	EN	Moderator	MEV. X. STRYDOM
SPESIALE INSTRUKSIES:		Geen woordeboeke mag gebruik word nie. Antwoord op die vraestel.	
This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.			

Naam:	Van:	Klas:
--------------	-------------	--------------

Instruksies:


1. Hierdie vraestel bestaan uit **4** afdelings en **10 bladsye**.

Vraag 1: Leesbegrip (20)

Vraag 2: Visuele geletterdheid (10)

Vraag 3: Opsomming (5)

Vraag 4: Taalstrukture en-konvensies (15)



- Beantwoord al die vrae in volsinne tensy anders aangedui.
- Neem kennis van die puntetoekenning per vraag.
- Jy word nie toegelaat om 'n woordeboek tydens die eksamen te gebruik nie.
- Lees jou vrae noukeurig deur en skryf jou antwoorde netjies neer.



Sterkte met die eksamen!

VRAAG 1: LEESBEGRIP (20 PUNTE)

Lees die storie oor die bekommerde ruspe en beantwoord die vrae wat volg.

Die bekommerde Ruspe

- 1 Dit was lente in die tuin. Cody die Ruspe broei uit haar eier uit en kruip op 'n sappige groen blaar. Sy glimlag gelukkig. "Ek hou daarvan om 'n ruspe te wees!" sê sy en begin aan haar lekker blaar eet.
- 2 Skielik vlieg By verby. "Jy's baie gelukkig!" sê die By. "Sodra jy 'n skoenlapper word, sal jy vlerke nes ek hê!" "Vlieg lyk baie vermoeiend," sê Cody. "Ek wens ek kan vir ewig 'n ruspe bly!" "Moenie bekommerd wees nie," sê By, "dis fantasties om vlerke te hê. Jy kan altyd stop om te rus." Cody glimlag, maar voel nie seker nie. "Miskien eendag," sê sy.
- 3 'n Paar dae later zoem By weer verby. "Jy's baie gelukkig!" sê die By. "Sodra jy 'n skoenlapper word, gaan jy nektar nes ek opslurp!" "Ek dink nie ek gaan van nektar hou nie," sê Cody. "Ek wens ek kan vir ewig 'n ruspe bly!" "Moenie bekommerd wees nie," sê By, "om nektar te drink is fantasties. Dit proe so lekker!" Cody glimlag, maar voel nie seker nie. "Miskien eendag," sê sy. Sy eet voort en By vlieg weg.
- 4 Die volgende dag was Cody propvol geëet. Sy dink aan alles wat By vir haar vertel het en besluit om dapper te wees. "Miskien vandag!" sê sy, terwyl sy haarself in 'n papie verander. Sy bly daar vir baie dae, totdat sy gereed is om haar papie te verlaat nadat sy in 'n pragtige skoenlapper verander het!
- 5 Cody verken die tuin. Sy voel gelukkig en trots op haar nuwe vlerke. "Dit is lekker!" sê sy vir By, toe hulle saam nektar opslurp. "Ek wil verewig 'n skoenlapper bly!"



Bron: Twinkle.co.za

Aantal woorde: 274

Vrae:

- 1.1 Wat lei jy uit die titel van die storie af? (1)

- 1.2 Wat is die naam van die hoofkarakter in die storie? (1)

- 1.3 In watter seisoen speel die storie af? (1)

- 1.4 Waarom wou die Ruspe nie vlieg nie? (1)

- 1.5 Hoekom dink jy was die Ruspe so bang om in 'n skoenlapper te verander? (2)

- 1.6 Skryf **TWEE** redes neer hoekom By dink die Ruspe so gelukkig is. (2)

- 1.7 **Omkring** die korrekte antwoord. (1)
 Wat wou die Ruspe aan die begin van die storie doen?
 A) Sy wou nektar eet.
 B) Sy wou leer vlieg.
 C) Sy wou vir ewig 'n ruspe bly.
- 1.8 Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende sin beteken: (1)
 "Vlieg lyk baie vermoeiend."

- 1.9 Watter woord in die volgende sinne sê vir ons dat die Ruspe bang is? (1)
 "Ek wens ek kan vir ewig 'n ruspe bly!" "Moenie bekommerd wees nie," sê By.

- 1.10 Aan die begin van die storie wou die Ruspe vir ewig 'n ruspe bly, maar aan (2)
 die einde wou sy vir ewig 'n skoenlapper bly.
 Waarom dink jy het sy van plan verander?

- 1.11 Dink jy die titel van die storie is gepas? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

- 1.12 Skryf **EEN** karaktereienskap van Cody neer. (1)

- 1.13 Lees weer die storie en kyk na die volgorde van gebeure. Pas Kolom A by Kolom B en skryf die antwoord in letters neer in die tabel. (1)

Kolom A	Kolom B
1.13.1 Eerste gebeur	A. Cody wou vir ewig 'n skoenlapper bly.
1.13.2 Tweede gebeur	B. Cody wou vir ewig 'n ruspe bly.
1.13.3 Laatste gebeur	C. Cody het vir By gelag.
	D. By vertel vir Cody hoe lekker dit gaan wees om 'n skoenlapper te word.

1.13.1)	1.13.2)	1.13.3)
---------	---------	---------

- 1.14 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

“Aan die begin van die storie was Cody baie dapper.”


- 1.15 Dink jy dat Cody in 'n skoenlapper sou verander as By haar nie gemotiveer het nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

- 1.16 Wat dink jy is die les wat ons uit die storie leer? (1)

Totaal vraag 1: 20

VRAAG 2: VISUELE GELETTERDHEID (10 PUNTE)

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Vrae:

2.1 Watter land het die laagste hoeveelheid bykorwe in 1969 gehad? (1)

2.2 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is en herskryf die sin sodat dit waar is. (2)

Die grafiek toon die hoeveelheid bykorwe volgens wêreldstreek in duisende.

2.3 Vergelyk Europe se hoeveelheid bykorwe in 1969 en 2019. Het Europa se hoeveelheid bykorwe **VERHOOG** of **VERLAAG** in 2019? (1)

2.4 Hoekom dink jy het die hoeveelheid bykorwe in Asië so baie toegeneem tussen 1969 en 2019? (1)

- 2.5 Dink jy dat dit belangrik is dat die hoeveelheid byekorwe in elke land moet toeneem? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
-
- 2.6 Watter kleur is Europa op die grafiek? (1)
-
- 2.7 Hoeveel byekorwe het Afrika in 1969 gehad? (1)
-
-
- 2.8 Watter visuele leidraad in die grafiek sê vir ons dat die grafiek oor bye gaan? (1)
-
- 2.9 Verduidelik hoekom daar kleure soos geel, oranje en bruin in die grafiek gebruik word. (1)
-

Totaal vraag 2: 10

VRAAG 3: OPSOMMING (5 PUNTE)

Instruksies:

- Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van die inligting.
- Die opsomming moet **PUNTSGEWYS** aangebied word en uit **50 - 60 woorde** bestaan.
- Nommer jou sinne van **1 tot 7**.
- Redigeer jou eerste weergawe.
- Skryf jou finale weergawe weer in **PUNTVORM**. **Nommer jou sinne van 1 tot 7**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde wees.
- Dui die **HOVEELHEID WOORDE** wat jy gebruik het, onderaan die opsomming aan.

Gebruik die leesstuk op die volgende bladsy om jou opsomming te doen.

Interessante Feite oor Bye

- 1 Bye is belangrik vir wilde plante en boerderye. Het jy geweet dat 90% van wilde plante afhanklik is van bestuiwing? Sonder bye se belangrike werk sou meeste van die plante uitsterf!

- 2 Bye het vier vlerke. Hulle het twee vlerke aan elke kant. Bye se voorste vlerke is groter as hulle agterste vlerke.
- 3 Bye gebruik hulle vlerke vir meer as net om te vlieg. Wanneer bye stil staan, gebruik hulle hul vlerke om die lug in die byekorf te sirkuleer.
- 4 Bye kommunikeer deur te dans. Heuningbye kommunikeer tussen mekaar op 'n manier wat lyk asof hulle dans. Hulle sê vir mekaar waar om die beste voedselbronne te kry.
- 5 Bye het vyf oë. Bye het twee groot oë wat uit duisende klein lense bestaan, en drie kleiner oë wat 'n driehoek vorm bo-op hul kop. Hulle kan meeste van die kleure sien wat 'n mens kan.
- 6 Binne 'n kolonie is daar drie tipes bye. Die koningin se werk is om eiers te lê. Die werkerbye kry stuifmeel en nektar, bou en beskerm die byekorf. Die hommelvee se enigste werk is om met die koningin te paar.
- 7 Werkerbye lewe nie so lank soos die koningin nie. 'n Werkerby leef net vir ongeveer vyf tot ses weke terwyl 'n Koningin gewoonlik een tot twee jaar lewe.

Bron: Twinkle.co.za

Aantal woorde: 189

Eerste weergawe:

Aantal woorde: _____

Finale weergawe:

Aantal woorde: _____

Totaal vraag 3: 5**VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN-KONVENSIES (15 PUNTE)****Gebruik die storie ‘Die bekommerde Ruspe’ om die vrae te beantwoord:**

- 4.1 Skryf die volgende sin oor in die
- indirekte rede**
- . (1)

Cody sê: “Ek wil vir ewig ’n skoenlapper bly!”

- 4.2 Onderstreep die
- werkwoord**
- in die volgende sin. (1)

“Sodra jy ’n skoenlapper word, gaan jy nektar nes ek opslurp!”

- 4.3 Skryf die volgende sin in die
- ontkennende vorm**
- . (1)

Ek hou daarvan om ’n ruspe te wees!

- 4.4 Gee die
- vergotende trap**
- van die volgende woord: (1)

stellende trap	vergotende trap	oortreffende trap
gelukkig		gelukkigste

- 4.5 Wat is die
- intensiewe vorm**
- van ‘soet’? (1)

- 4.6 Is die volgende sin 'n voorbeeld van 'n **ENKEVOUDIGE sin** of 'n **SAAMGESTELDE sin**? (1)

Cody die Ruspe broei uit haar eier uit en kruip op 'n sappige groen blaar.

- 4.7 Herskryf die volgende sin in die **verlede tyd**. (1)
- Jy is baie gelukkig.
-

- 4.8 Herskryf die volgende sin in die **lydende vorm**. (1)
- Cody verken die tuin.
-

- 4.9 **Onderstreep** die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sin. (1)
- Cody kruip op 'n groen blaar.

- 4.10 **Omkring** die **eienaam** in die volgende sin. (1)
- Cody glimlag, maar voel nie seker nie.

- 4.11 Gebruik die **voegwoord** in hakies om die twee sinne te verbind. (1)
- Cody verken die tuin. Sy is trots op haar vlerke. (want)
-
-

- 4.12 **Omkring** die **agtervoegsel** in die volgende woord: sappige (1)

- 4.13 Skryf 'n **antoniem** vir die volgende woord uit paragraaf 1. (1)
- ongelukkig _____

- 4.14 Voltooi die tabel: (2)

Woord	Meervoud	Verkleining
Skoenlapper	4.14.1)	4.14.2)

Totaal vraag 4: 15

GROOTTOTAAL: 50



GROOTTOTAAL: 40 PUNTE
TOM NEWBY SCHOOL
KWARTAAL 4 FORMELE ASSESSERING
AFRIKAANS FAL GRAAD 6

Performance Analysis

(For Teacher use only)

Learner's name and surname: _____

Class: _____

	Vraag 1	Vraag 2	Vraag 3
Moontlike punt:	20	10	5
Leerder punt:			

Vraag 4:

Vraag nommer:	4.1	4.2	4.3	4.4	4.5	4.6	4.7	4.8
Moontlike punt:	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punt:								

Vraag nommer:	4.9	4.10	4.11	4.12	4.13	4.14
Moontlike punt:	1	1	1	1	1	2
Leerder punt:						